Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 5, Nr 3, 1975. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

**PROF DR FELIX V. LATEGAN: Die Boer se Roer. Die Groot Geweerboek van Suid-Afrika.** Tafelberg Uitgewers Kaapstad, pp 209, bibliografie, register.

Sonder die Boer en sy roer is die geskiedenis van ons land feitlik ondenkbaar en dit is dan ook volkome juis gesien dat die skrywer van hierdie baanbrekerswerk die vrugte van sy jarelange studie allereers opgedra het 'aan ons pioniervoorvaders wat met die roer in die hand in Suider-Afrika 'n nuwe volk . . . tot stand gebring het'.

Hierdie nuwe volk moes, van die begin af, sy identiteit meer as eenmaal met die geweer in aanslag handhaaf en hom teen die oorvloedige, gevaarlike wild beskerm.

Hierdie nuwe volk het, soos die skrywer verdr in sy opdrag verklaar het, ''n nuwe Afrika-taal' tot stand gebring en ook op ander gebiede sy stempel afgedruk op 'n uitgestrekte land wat hulle geleidelik tot ons eie land, met sy eie regstelsel, sy eie godsdiens en sy eie ideale herskep en tot sy eie besit gemaak het. Hierdie nuwe volk het, met die roer in die hand, sy eiesoortige militêre stelsel, die kommandostelsel, daargestel en sy eie militêr-historiese verhaal opgestel.

Dit geld, in 'n groot mate, tot vandag, 'n tydperk waarin militêre paraatheid weer eens gebiedend is.

Tereg dra die skrywer sy werk, wat in 'n beperkte oplaag van 2 000 eksemplare verskyn het en ongetwyfeld kosbare Africana sal word, ook op aan die liefhebbers van die jag, die beoefenaars van die skyfskietsport en die vuurwapenversamelaars.

Vir ons bly ewewel die eersgenoemde aspek die belangrikste en dit is veral in militêr-historiese verband dat ons reeds op hierdie stadium, die skrywer en die uitgewer en hul medewerkers met die verskyning van 'n waarlik unieke publikasie wil gelukwens. Terselfdertyd spreek ons die begeerte uit dat hierdie werk bestudeer sal word deur almal wat die verdediging van ons land op die hart dra en hul kennis aangaande die ontwikkeling van ons vuurwapens wil verbreed en verdiep.

**Die Boer se roer** is, stelselmatig georden en van voortreflike kleurafbeeldings voorsien, in die volgende dele verdeel:

(a) Die ontwikkeling van die vuurwapen met betrekking tot Suider-Afrika.

(b) Die rol van die roer in die geskiedenis van Suid-Afrika.

(c) Die Boer se roer as jaggeweer.

In die eerste deel kom allereers die uitvinding van buskruit en die vuurwapen ter sprake. Die lontgeweer het verskyn en tussen 1500 en 1600 het die Duitsers oor hul draaiskyfslot, die Hollanders oor hul snaphaanslot en die Spanjaarde oor hul **Miquelette** beskik. Die vuurslagslotgeweer het sy intrede in ons land gedoen, hoewel dit die ou Nederlandse benaming 'snaphaan' behou het. As die 'ou Sanna' sou hierdie pangeweer, wat tot na die Groot Trek in gebruik was, dié wapen van die Boer bly. Voeg hierby die tradisionele kruithoring en die bandelier en die alombekende voorstellng van die Boer van die verlede is voltooi.

Die vuursteen-pangeweer is kort na 1800, danksy die uitvinding van die slagkruit en die slagvuurslot deur ds John A. Forsyth, omgebou tot of vervang deur die bekende doppiegeweer. Verteenwoordigers van die bekende Botha-geslag, wapensmede en -handelaars in Kaapstad (19e eeu) het in ons land 'n belangrike rol in dié verband gespeel.

Inmiddels het die eerste agterlaaiers ook hul verskyning gemaak soos die Ferguson (1776), die Dreyse-naaldgeweer, die Westley Richards e.a.

In hoofstuk 9 (p 57 e.v.) behandel die skrywer die moderne geweer in die vorm van enkellaaiers (o.m. die Martini-Henry, die Westley-Richards, die 8-mm-Guedes en verskillende Mauser-modelle), onder belangrike metaaldopgewere (Sharps, Spencer, Springfield, Remington, Mannlicher e.a.). Hy wy aandag aan die uitvinding van rooklose kruit (1886) en sluit hierdie besonder lesenswaardige hoofstuk af met die hoofvuurwapens wat deur Boer en Brit gedurende die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) gebruik is.

Die hoofstuk oor handgewere (pistool, rewolwer) sluit hierdie gedeelte af.

Deel 2 van **Die Boer se roer** (p 85 e.v.) is ingedeel soos volg:

(a) Vuurwapens in Suider-Afrika voor en tydens die Nederlandse tydperk (1500-1800).

(b) Die kleingeweer gedurende die 19e eeu: Die Britse tydperk in Kaapland en Natal tot 1850.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 5, Nr 3, 1975. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

(c) Die Voortrekker se 'Ou Sanna'.
(d) Die roer in die tweede helfte van die 19e eeu.
(e) Die moderne geweer in Suid-Afrika: Wapens van die Anglo-Boereoorlog.
(f) Kultuur-historiese aspekte van die Boer se roer gedurende die 19e eeu.

Hierdie deel, van p 85 tot p 145, is moontlik die vernaamste deel van prof Lategan se werk. Deel 1 is as 'n inleiding en padwyser waardevol, deel 2 munt uit deur die toepassing van die eerste deel op hierdie besondere aspek van ons nasionale verlede, t.w. die Boer en sy roer in tye van oorlog, vrede, dreigende woelings en die groot worsteling op die grens van twee eeue waar, aan Boerekant die geweer die belangrikste wapen was. Hier voel die leser geneig om aan latere oorloë en ons hedendaagse krygstuig te dink wat, in velerlei opsigte, die Mauser en die 'Leemetforts' van weleer vervang het.

Die derde deel van die werk is gewy aan die haelgeweer en ander jaggewere wat in die loop van die eeue deur ons voorouers gebruik is en o.m. vandag op Krygfontein deur ons eie geweersmede vervaardig word.

Die rol van die jagter laat die leser, waar dit die uitroei van wildsoorte betref, dikwels weemoedig voel. Mag ons aanvaar dat die bewaringsdrang tans sterker is as die eertydse faktore wat tot vernietiging gelei het. Al te dikwels herinner vandag slegs veelvuldige plekname aan die betreurde, vergane glorie van die fauna van weleer.

Besonderhede oor die jag en jaggewere in Suider-Afrika en wetenswaardighede oor Boerejagters, hul gewere en jagmetodes sluit die teks af van 'n werk wat, in Afrikaans opgestel, sover hierdie skrywer bekend is, sy weerga nie ken nie.

Dit geld nie alleen vir die hoë peil van die teks nie, maar terselfdertyd vir die groot verskeidenheid van afbeeldings. Hierdie afbeeldings getuig ook van die ywer en speursin waarmee ons versamelaars hul waardevolle geweerversamelings opgebou het in 'n land waarin die Boer se roer sowel as die Boer en sy roer legendaries geword het.

— Jan Ploeger